



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2018

WISKUNDE

PUNTE: 140

TYD: 2½ uur



* 9 W I S K *

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye insluitend 2 bylae.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die instruksies sorgvuldig deur voordat jy die vrae beantwoord.
2. Hierdie vraestel bestaan uit NEGE vrae.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae in die vraestel genummer is.
5. Jy mag 'n goedgekeurde wetenskaplike sakrekenaar (nieprogrammeerbaar en niegrafies) gebruik.
6. Dui ALLE berekeninge, diagramme, grafieke, ensovoorts wat jy gebruik het om jou antwoorde te bepaal, duidelik aan.
7. Diagramme is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

Verskillende opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Skryf slegs die korrekte letter (A–D) langs die ooreenstemmende nommer neer, byvoorbeeld indien A die korrekte antwoord vir 1.1 is, skryf slegs 1.1 A.

1.1 Watter EEN van die volgende getalle is irrasionaal?

- A $3,7\dot{}$
- B $\sqrt[3]{-27}$
- C $-\sqrt{3}$
- D $\sqrt{1\frac{7}{9}}$


(1)

1.2 Wanneer $\frac{3^x \cdot 3^{x+3}}{3^{x+2}}$ vereenvoudig word, is die antwoord:

- A 3^{x+1}
- B 3^{x+5}
- C 3^x
- D $\frac{9^{2x+3}}{3^{x+2}}$

(1)

1.3 Die vergelyking van die reguitlyn wat hieronder geteken is, is:



- A $y = 2x - 2$
- B $y = x + 2$
- C $y = -2x + 2$
- D $y = -x - 2$

(1)

1.4 Indien $x(2x - 8) = 0$, dan is die waarde van x :

- A 0 or 4
- B 0 or -4
- C 2 of -2
- D Geen van die bogenoemde nie (1)

1.5 Die algemene reël (T_n) vir die patroon $-5 ; -1 ; 3 ; 7 ; \dots$ is:

- A $T_n = 4n + 9$
- B $T_n = -4n - 9$
- C $T_n = -4n + 9$
- D $T_n = 4n - 9$ (1)

1.6 Die waarde (in wetenskaplike notasie) van $5,2 \times 10^{-5} \times 3 \times 10^3$ is:

- A $15,6 \times 10^{-1}$
- B $1,56 \times 10^{-1}$
- C $0,156 \times 10^1$
- D $15,6 \times 10^1$ (1)

1.7 'n Silindervormige koek het 'n middellyn van 220 mm en hoogte van 100 mm. Indien die koek in 12 gelyke stukke gesny word, sal die volume van een stuk gelyk wees aan:

$$\left[\text{Gebruik } \pi = \frac{22}{7} \right]$$

- A $3\,802\,857 \text{ mm}^3$
- B $1\,267\,619 \text{ mm}^3$
- C $316\,905 \text{ mm}^3$
- D $15\,211\,429 \text{ mm}^3$ (1)

1.8 Daar is 3 groen en 2 rooi balle in 'n sak. Twee balle word een na die ander een uit die sak gehaal en elke keer weer teruggeplaas. Die waarskynlikheid dat beide balle groen sal wees, is:

- A 0
- B 100%
- C $\frac{3}{5}$
- D $\frac{9}{25}$ (1)


1.9 Indien 12 werkers 'n sekere gedeelte van die Swartkopsrivier in 4 dae kan skoonmaak, dan sal 8 werkers dieselfde gedeelte kan skoonmaak in:

- A 2 dae
- B 24 dae
- C 6 dae
- D 3 dae

(1)

1.10 In $\triangle PQR$ word QR verleng na S.

Die grootte van $\angle Q$ is:



- A 40°
- B 20°
- C 140°
- D 60°

(1)
[10]

VRAAG 2

2.1 Skryf 1 042 000 000 in wetenskaplike notasie. (1)

2.2 Vereenvoudig:

2.2.1 $3z^2 - \left(4\frac{2}{3}z^3 \div \frac{7z}{2}\right)$ (3)

2.2.2 $2(x-3)^2 - 3(x+1)(2x-5)$ (3)

2.2.3 $\left(\frac{2x^{-1}y}{3y^2}\right)^{-2}$ (3)

2.2.4
$$\frac{\sqrt{169x^6} \times \left(\frac{y}{p^{99}q}\right)^0}{\sqrt[3]{x^{12}}}$$
 (3)

2.3 Faktoriseer volledig:

2.3.1 $ax^2 - 5ax + 6a$ (3)

2.3.2 $(2x-3y) + (3y-2x)x^2$ (3)

2.4 Los op vir x :

2.4.1 $\frac{x}{2} + \frac{2x+3}{3} = 1$ (2)


2.4.2 $x^2 + x = 12$ (2)

2.4.3 $5^{x+2} = \frac{1}{25}$ (2)


[25]

VRAAG 3


3.1 Bestudeer die figure hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Figuur 1



Figuur 2



Figuur 3

3.1.1 Verwys na die tabel hieronder en skryf neer die waardes van q en r .

Figuur	1	2	3	4	...	r
Aantal hoeke	5	9	13	q	...	101

(1)

3.1.2 Bepaal die algemene reël (T_n) vir die patroon. (2)


3.1.3 Bereken vervolgens watter figuur 205 reghoeke sal hê. (2)

3.2 Gegee die volgende getalpatroon: 2; 5; 10; 17; ...

3.2.1 Voorsien 'n reël om die verwantskap tussen die getalle in die getalpatroon te beskryf. (2)

3.2.2 Gebruik jou reël om die 10^{de} term in die getalpatroon te vind. (2)

3.3 Bestudeer die vloedidiagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



3.3.1 Wat is die uitsetwaarde by **A**? (2)

3.3.2 Wat is die insetwaarde by **B**? (2)

3.4 Gebruik die tabel hieronder om die vrae wat volg te beantwoord.

x	-3	-2	-1	0	...	q
y	-10	-7	-4	-1	...	8

3.4.1 Vind die reël in die vorm $y = \dots$ (2)


3.4.2 Bepaal die waarde van q . (2)

3.5 'n Reguitlyn grafiek word gedefinieer deur $y = -x + 3$.

3.5.1 Bepaal die x -afsnit van die grafiek. (1)

3.5.2 Teken die grafiek en toon al die afsnitte met die asse duidelik aan. Gebruik BYLAAG 1. (3)

3.6 Die volgende grafiek toon die aantal pakkies lekkers wat 'n winkeleienaar gedurende 'n week verkoop het.



3.6.1 Op watter dae was daar 'n toename in verkope? (1)

3.6.2 Wat was die toename in verkope op die dae wat in VRAAG 3.6.1 gemeld is? (1)

3.6.3 Gedurende watter dae was daar 'n afname in verkope? (1)

3.6.4 Was die afname konstant of het dit varieer? (1)

3.6.5 Wat gebeur van Dinsdag tot Donderdag aangaande die aantal pakkies wat verkoop was? (1)

[26]


VRAAG 4

- 4.1 Dhanielle belê R1 800 vir 5 jaar teen $r\%$ per jaar enkelvoudige rente. Die rente op die belegging is R720. Bereken die rentekoers. (3)
- 4.2 'n Speelgrond is in die vorm van 'n reghoek met die lengte 1 m langer as die breedte. 'n Nuwe reghoekige speelgrond word beplan waar die lengte 3 m langer as die oorspronklike lengte sal wees en die breedte 1 m korter as die oorspronklike breedte. Bepaal die verskil in omtrek van die twee speelgronde. (5)
- 4.3 Lenneth ry van Kaapstad na Worcester, 'n afstand van 120 km, in 1 uur 30 minute. Hy ry dan vanaf Worcester na Stellenbosch, 'n afstand van 90 km in 1 uur. Bereken die gemiddelde spoed vir sy hele reis. (4)

[12]

VRAAG 5


- 5.1 In die diagram hieronder is $AC \parallel HF$ en $BF \parallel CD$. $\angle CBF = 85^\circ$ en $\angle GFH = 50^\circ$
Bepaal, met redes, die grootte van:



5.1.1 x (2)

5.1.2 y (2)


5.2 In die diagram hieronder is $\triangle MNO$ met $MN \parallel QP$, $\angle OMN = 55^\circ$, $\angle QPO = 3x + 40^\circ$ en $\angle MON = 2x - 5^\circ$.



5.2.1 Bereken die waarde van x . Gee redes vir jou antwoord. (4)

5.2.2 Bereken die werklike grootte van $\angle MON$. (2)

5.3 Die figuur hieronder is ruit ABCD met hoeklyn BD. AB word verleng na E en $\hat{A} = 70^\circ$.



5.3.1 Bereken, met redes, die grootte van $\angle ADB$. (3)

5.3.2 Bereken, met redes, die grootte van $\angle ADC$. (3)


5.3.3 Bereken, met redes, die grootte van $\angle DBE$. (2)

5.3.4 Gee 'n rede waarom $\angle ABD = \angle BDC$. (1)

[19]

VRAAG 6


6.1 In parallellogram MNOP met hoeklyn PN, is $MN \parallel PO$ en $MP \parallel NO$.



Gebruik kongruensie om te bewys dat $PM = NO$.

(5)

6.2 In die diagram hieronder is $AC \parallel DF$, $AB \parallel CF$, $BE = 8$ cm, $EC = 10$ cm en $CF = 5$ cm.



6.2.1 Bewys dat $\triangle DBE \parallel \triangle FCE$.

(4)


6.2.2 Bepaal vervolgens die lengte van DB.

(3)

[12]


VRAAG 7

- 7.1 'n Waterpyp word van beton gegiet. Die binne-radius van die pyp is 15 sentimeter en die buite-radius is 18 sentimeter. Die hoogte van die pyp is 120 sentimeter.



- 7.1.1 Bepaal, korrek tot TWEE desimale plekke, die totale buite-oppervlakte in cm^2 indien die pyp oop is aan beide kante. (4)
- 7.1.2 Bepaal, korrek tot TWEE desimale plekke, die volume beton in cm^3 wat nodig is om 'n 120 sentimeter lange pyp te maak. (4)

- 7.2 Die diagram hieronder toon 'n gelykbenige driehoek ABC met $BC = 5$ cm en hoogte $BF = 4$ cm. Vierkant ACDE het 'n sirkel daarin wat aan al vier kante van die vierkant raak.




Bereken die geskakeerde oppervlakte in die diagram, korrek tot twee desimale plekke, indien die hoogte van die driehoek $h = 4$ cm is.

(5)
[13]

VRAAG 8

Gebruik die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 8.1 $\triangle ABC$ word verklein met 'n skaalfaktor van $\frac{1}{2}$ om die oorsprong.
Teken $\triangle A'B'C'$ op BYLAAG 2. (3)
 - 8.2 Reflekteer $\triangle ABC$ in die lyn $y = x$ om $\triangle A''B''C''$ te vorm.
Teken $\triangle A''B''C''$ op BYLAAG 2. (3)
 - 8.3 Vierhoek $P'Q'R'S'$ is die beeld van vierhoek PQRS wat getransleer word volgens die volgende reël: $(x; y) \rightarrow (x + 1; y - 2)$.
Teken die oorspronklike vierhoek PQRS op BYLAAG 2. (4)
- [10]**

VRAAG 9

9.1 Al die graad 9-leerlinge van 'n sekere skool is gevra of hulle selfone het of nie. Indien hulle wel 'n selfoon het, moes hulle ook aandui of hulle dit op kontrak (wat deur die ouer/voog betaal word) of vooruitbetaald ('pre-paid') het. Hul response word in die tabel hieronder aangetoon:

	Kontrak	Vooruitbetaald 'Pre-paid'	Geen selfoon	Totaal
Seuns	a	57	24	100
Dogters	23	b	37	150
Totaal	42	147	c	250

9.1.1 Bereken die waarde van **a**, **b** en **c** in die tabel. (2)

9.1.2 'n Graad 9-leerder word lukraak gekies by hierdie skool. Wat is die waarskynlikheid dat hierdie leerder:

(a) 'n Dogter sal wees? (2)

(b) 'n Seun wat 'n selfoon besit sal wees? (2)

(c) 'n Leerder wat nie 'n selfoon besit nie, sal wees? (2)

9.2 Die gemiddelde maandelikse salaris van al die personeel by maatskappy Gringos is R7 550 per maand, maar die mediaansalaris is R5 225.

9.2.1 Verduidelik en gee 'n rede waarom die twee opsommende statistieke so verskil. (3)

9.2.2 Watter opsommende statistiek gee die beste weergawe van die salarisse van die maatskappy? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

[13]


TOTAAL: 140

BYLAAG 1

VRAAG 3.5.2

NAAM: _____

VAN: _____




BYLAAG 2

VRAAG 8.1; VRAAG 8.2 and VRAAG 8.3

NAAM: _____

VAN: _____





Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2018

**WISKUNDE
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 140

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Volpunte word toegeken waar slegs die antwoord gegee word, tensy anders aangedui word.
2. Aanvaar enige alternatiewe korrekte oplossings wat nie in die nasienriglyn ingesluit is nie.
3. Onderstreep die foute wat deur leerders begaan word en pas die Deurlopende Akkuraatheid (DA) merkmethode toe.
4. **DIE FINALE PUNT MOET VERWERK WORD NA 100.**

SLEUTEL	
M	Metode
DA/CA	Deurlopende Akkuraatheid
A	Akkuraatheid
B/S	Bewering
VF/SF	Vervanging in Formule
R	Rede
B/R/SR	Bewering en Rede


VRAAG 1 [10]				
Vraag	Puntetoekenning			Totaal
1.1	C	✓		(1)
1.2	A	✓		(1)
1.3	B	✓		(1)
1.4	A	✓		(1)
1.5	D	✓		(1)
1.6	B	✓		(1)
1.7	C	✓		(1)
1.8	A	✓		(1)
1.9	C	✓		(1)
1.10	D	✓		(1)
				[10]

VRAAG 2 [25]			
Vraag	Oplossing	Punttoekenning	Totaal
2.1	$1\ 042\ 000\ 000 = 1,042 \times 10^9$ ✓ A	Antwoord: 1 Punt	(1)
2.2.1	$3z^2 - \left(4\frac{2}{3}z^3 \div \frac{7z}{2}\right)$ $= 3z^2 - \left(4\frac{2}{3}z^3 \div \frac{7z}{2}\right)$ ✓ M $= 3z^2 - \frac{4z^2}{3}$ ✓ M $= \frac{5z^2}{3} / \frac{5}{3}z^2$ ✓ CA	$\left(\frac{14z^3}{3} \times \frac{2}{7z}\right): 1 \text{ Punt}$ $\frac{4z^2}{3}: 1 \text{ Punt}$ Antwoord: 1 Punt	(3)
2.2.2	$2(x-3)^2 - 3(x+1)(2x-5)$ $= 2(x^2 - 6x + 9) - 3(2x^2 - 3x - 5)$ ✓ M $= 2x^2 - 12x + 18 - 6x^2 + 9x + 15$ ✓ M $= -4x^2 - 3x + 33$ ✓ CA	$(x^2 - 6x + 9): 1 \text{ Punt}$ $(2x^2 - 3x - 5): 1 \text{ Punt}$ Antwoord: 1 Punt	(3)
2.2.3	$\left(\frac{2x^{-1}y}{3y^2}\right)^{-2}$ $= \left(\frac{2y}{3xy^2}\right)^{-2}$ ✓ M $= \left(\frac{3xy^2}{2y}\right)^2$ ✓ M $= \frac{9x^2y^2}{4}$ ✓ CA <p style="text-align: center;">OF</p> $\left(\frac{2x^{-1}y}{3y^2}\right)^{-2}$ $= \frac{2^{-2}x^2y^{-2}}{3^{-2}y^{-4}}$ ✓ M $= \frac{1}{4}x^2y^2$ ✓ M $= \frac{1}{9}$ $= \frac{9}{4}x^2y^2$ ✓ CA <p style="text-align: center;">OF</p>	$\left(\frac{2y}{3xy^2}\right)^{-2}: 1 \text{ Punt}$ $\left(\frac{3xy^2}{2y}\right)^2: 1 \text{ Punt}$ Antwoord: 1 Punt <p style="text-align: center;">OF</p> $\frac{2^{-2}x^2y^{-2}}{3^{-2}y^{-4}}: 1 \text{ Punt}$ $\frac{1}{4}x^2y^2: 1 \text{ Punt}$ $\frac{1}{9}$ Antwoord: 1 Punt <p style="text-align: center;">OF</p>	

Vraag	Oplossing	Punttoekenning	Totaal
2.2.3	$\left(\frac{2x^{-1}y}{3y^2}\right)^{-2}$ $= \frac{1}{\left(\frac{2x^{-1}y}{3y^2}\right)^2} \checkmark \mathbf{M}$ $= \frac{1}{\frac{2^2 x^{-2} y^2}{3^2 y^4}} \checkmark \mathbf{M}$ $= \frac{9x^2 y^2}{4} \checkmark \mathbf{CA}$	$\frac{1}{\left(\frac{2x^{-1}y}{3y^2}\right)^2} : 1 \text{ Punt}$ $\frac{1}{\frac{2^2 x^{-2} y^2}{3^2 y^4}} : 1 \text{ Punt}$ <p>Antwoord: 1 Punt</p>	(3)
2.2.4	$\frac{\sqrt{169x^6} \times \left(\frac{y}{p^{99}q}\right)^0}{\sqrt[3]{x^{12}}}$ $\checkmark \mathbf{M}$ $= \frac{13x^3 \times 1}{x^4} \checkmark \mathbf{M}$ $= \frac{13}{x} \checkmark \mathbf{A}$	$13x^3 : 1 \text{ Punt}$ $x^4 : 1 \text{ Punt}$ <p>Antwoord: 1 Punt</p>	(3)
2.3.1	$ax^2 - 5ax + 6a$ $\checkmark \mathbf{M} \quad \checkmark \mathbf{M}$ $= a(x^2 - 5x + 6)$ $\checkmark \mathbf{CA}$ $= a(x-3)(x-2)$	$a(x^2 - 5x + 6) : 1 \text{ Punt}$ $(x-3) : 1 \text{ Punt}$ $(x-2) : 1 \text{ Punt}$	(3)
2.3.2	$(2x-3y) + (3y-2x)x^2 \checkmark \mathbf{M}$ $= (2x-3y) - (2x-3y)x^2 \checkmark \mathbf{M}$ $= (2x-3y)(1-x^2) \checkmark \mathbf{CA}$ $= (2x-3y)(1+x)(1-x) \checkmark \mathbf{CA}$	$(2x-3y) - (2x-3y)x^2 : 1 \text{ Punt}$ $(2x-3y)(1-x^2) : 1 \text{ Punt}$ $(2x-3y)(1+x)(1-x) : 1 \text{ Punt}$	(3)
2.4.1	$\frac{x}{2} + \frac{2x+3}{3} = 1$ $\therefore 6\left(\frac{x}{2}\right) + 6\left(\frac{2x+3}{3}\right) = 6(1) \checkmark \mathbf{M}$ $\therefore 3x + 4x + 6 = 6$ $\therefore 7x = 0$ $\therefore x = 0 \checkmark \mathbf{CA}$	<p>× Met KGV: 1 Punt</p> <p>Antwoord: 1 Punt</p>	(2)

Vraag	Oplossing	Punttoekenning	Totaal
2.4.2	$x^2 + x = 12$ $\therefore x^2 + x - 12 = 0$ $\therefore (x+4)(x-3) = 0 \checkmark \mathbf{M}$ $\checkmark \mathbf{CA}$ $\therefore x = -4 \text{ or } x = 3$	$(x+4)(x-3)$: 1 Punt Beide oplossings: 1 Punt	(2)
2.4.3	$5^{x+2} = \frac{1}{25}$ $\therefore 5^{x+2} = 5^{-2} \checkmark \mathbf{M}$ $\therefore x+2 = -2$ $\therefore x = -4 \checkmark \mathbf{CA}$	5^{-2} : 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(2)
			[25]

VRAAG 3 [26]																							
Vraag	Oplossing							Punttoekenning	Totaal														
3.1																							
3.1.1	<table border="1"> <tr> <td>Figuur</td> <td>1</td> <td>2</td> <td>3</td> <td>4</td> <td>...</td> <td>25</td> </tr> <tr> <td>Aantal reghoeke</td> <td>5</td> <td>9</td> <td>13</td> <td>17</td> <td>...</td> <td>101</td> </tr> </table>							Figuur	1	2	3	4	...	25	Aantal reghoeke	5	9	13	17	...	101	q = 17 en r = 25 : 1 Punt	
Figuur	1	2	3	4	...	25																	
Aantal reghoeke	5	9	13	17	...	101																	
	q = 17 en r = 25								(1)														
3.1.2	$T_n = 4n + 1$							4n : 1 Punt +1 : 1 Punt	(2)														
3.1.3	$T_n = 4n + 1$ $205 = 4n + 1$ ✓SF $n = 51$ \therefore Figuur nummer 51 het 205 reghoeke. ✓CA							$T_n = 205$: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(2)														
3.2.1	$T_n = n^2 + 1$							n^2 : 1 Punt +1 : 1 Punt	(2)														
3.2.2	$T_n = n^2 + 1$ $T_{10} = (10)^2 + 1$ ✓SF $T_n = 101$ ✓CA							$SF(n = 10)$: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(2)														
3.3.1	$A = \frac{1}{2}x + 2$ $A = \frac{1}{2}(-2) + 2$ ✓SF $A = 1$ ✓CA							$SF x = -2$: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(2)														
3.3.2	$\frac{1}{2}(B) + 2 = 4$ ✓SF $B = 4$ ✓CA							$SF x = B$: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(2)														

Vraag	Oplossing	Punttoekenning	Totaal
3.4.1	<p>Gemene verskil = $-7 - (-10) = 3$ y-afsnit = -1 Aangesien $x = 0$</p> <p>$y = 3x - 1$ ✓A</p> <p style="text-align: center;">OF</p> $m = \frac{y_2 - y_1}{x_2 - x_1}$ $m = \frac{-7 - (-10)}{-2 - (-3)}$ <p>$m = 3$ ✓A</p> <p>$y = 3x - 1$ ✓A</p>	<p>Verduideliking: 1 Punt Antwoord: 1 Punt</p> <p>Indien SLEGS ANTWOORD Volpunte</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>$m = 3$: 1 Mark Antwoord: 1 Punt</p> <p>Indien SLEGS ANTWOORD Volpunte</p>	(2)
3.4.2	<p>$y = 3x - 1$ $8 = 3q - 1$ ✓SF $q = 3$ ✓CA</p>	<p>SF beide waardes : 1 Punt Antwoord: 1 Punt</p>	(2)
3.5.1	<p>$y = -x + 3$ $0 = -x + 3$ $x = 3$ ✓A</p>	<p>Antwoord: 1 Punt</p>	(1)
3.5.2		<p><u>$y = -x + 3$</u> x-afsnit : 1 Punt y-afsnit : 1 Punt Reguit Lyn : 1Punt</p>	(3)

Vraag	Oplossing	Punttoekenning	Totaal
3.6.1	Maandag tot Dinsdag OF Saterdag tot Sondag ✓ A	Antwoord: 1 Punt	(1)
3.6.2	15 Pakkies lekkers verkoop ✓ A OF 10 Pakkies lekkers verkoop ✓ A	Antwoord: 1 Punt	(1)
3.6.3	Donderdag tot Saterdag	Antwoord: 1 Punt	(1)
3.6.4	Die afname het varieer/verander ✓ A	Antwoord: 1 Punt	(1)
3.6.5	Die verkope was konstant. ✓ A OF Geen toename of afname in verkope nie. ✓ A	Antwoord: 1 Punt	(1)
			[26]
VRAAG 4 [12]			
Vraag	Oplossing	Punttoekenning	Totaal
4.1	$SI = P.i.n$ $720 = 1800.i.5$ ✓ SF $i = \frac{720}{1800 \times 5}$ $r = \frac{720}{1800 \times 5} \times 100$ $r = 8\%$ ✓ CA	Formule: 1 Punt Substitusie: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(3)
4.2	Stel die breedte van die oorspronklike speelgrond = x ∴ Die lengte van die oorspronklike speelgrond = $x+1$ ∴ Die omtrek van die oorspronklike speelgrond = $2(x+1+x)$ ✓ M $= 4x+2$ ✓ M Die lengte van die nuwe speelgrond = $x+4$ Die breedte van die nuwe speelgrond = $x-1$ ∴ Die omtrek van die nuwe speelgrond = $2(x+4+x-1)$ ✓ M $= 4x+6$ ✓ M ∴ Die verskil in omtrek = $4x+6 - (4x+2)$ $= 4\text{meters}$ ✓ CA	$2(x+1+x)$: 1 Punt $4x+2$: 1 Punt $2(x+4+x-1)$: 1 Punt $4x+6$: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(5)
4.3	Totale afstand afgelê = 210km Totale tyd gereis = $2,5$ ure ✓ M Gemiddelde Spoed = $\frac{\text{Afstand}}{\text{Tyd}}$ ✓ M $= \frac{210\text{km}}{2,5\text{hours}}$ ✓ SF $= 84\text{km/h}$ ✓ CA	Afstand & Tyd: 1 Punt Formule: 1 Punt Substitusie: 1 Mark Antwoord: 1 Punt	(4)
			[12]

VRAAG 5 [19]			
Vraag	Oplossing	Punttoekenning	Totaal
5.1			
5.1.1	$\checkmark A$ $\checkmark R$ $x = 85^\circ$ (Verwisslende \angle 'e; AC//HF)	Antwoord: 1 Punt Rede: 1 Punt	(2)
5.1.2	$\checkmark A$ $\checkmark R$ $y = 95^\circ$ (Ko-binne \angle 'e = 180° ; BF//CD)	Antwoord: 1 Punt Rede: 1 Punt	(2)
5.2			
5.2.1	$\angle Q_1 = 55^\circ$ (Oorekomstige \angle 'e; MN//QP) $\checkmark S/R$ $55^\circ + 2x - 5^\circ + 3x + 40^\circ = 180^\circ$ ($3 \angle$'s of $\triangle PQO = 180^\circ$) $\checkmark S$ $\checkmark R$ $5x + 90^\circ = 180^\circ$ $x = 18^\circ$ $\checkmark CA$	Bewering en rede: 1 Punt Bewering: 1 Punt Rede: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(4)
5.2.2	$\angle MON = 2x - 5^\circ$ $= 2(18^\circ) - 5^\circ$ $\checkmark M$ $= 31^\circ$ $\checkmark CA$	Substitusie/Metode: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(2)
5.3.1	$\angle ADB + \angle ABD = 110^\circ$ [$3 \angle$'s of $\triangle ABD = 180^\circ$] $\checkmark S/R$ Maar $\angle ADB = \angle ABD$ [$\triangle ADB$ is gelykbenig met $AD = AB$] $\checkmark S/R$ $\therefore \angle ADB = 55^\circ$ $\checkmark A$	Bewering en rede: 1 Punt Bewering en rede: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(3)
5.3.2	$\checkmark S$ $\checkmark R$ $\angle BDC = 55^\circ$ [Hoeklyn van ruit ABCD halveer die \angle 'e] $\therefore \angle ADC = 110^\circ$ $\checkmark A$ OR $\checkmark S$ $\checkmark R$ $\angle DAE + \angle ADC = 180^\circ$ [Co-interior \angle 's = 180° ; DC//AE] $\therefore 70^\circ + \angle ADC = 180^\circ$ [Co-interior \angle 's = 180° ; DC//AE] $\therefore \angle ADC = 110^\circ$ $\checkmark A$	Stelling: 1 Punt Rede: 1 Punt Antwoord: 1 Punt OF Bewering: 1 Punt Rede: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(3)
5.3.3	$\checkmark S$ $\checkmark R$ $\angle DBE = 125^\circ$ [Buite \angle van $\triangle ABD$]	Bewering: 1 Punt Rede: 1 Punt	(2)
5.3.4	Die teenoorstaande sye van 'n ruit is ewewydig $\checkmark R$ OF DC//AE $\checkmark R$	Rede: 1 Punt	(1)
			[19]

VRAAG 6 [12]

Vraag	Oplossing	Punttoekenning	Totaal
6.1	In $\triangle PMN$ and $\triangle NOP$: 1. $\angle MPN = \angle PNO$ [Verwisselende \angle 'e; $MP \parallel NO$] \checkmark S/R 2. $\angle MNP = \angle NPO$ [Verwisselende \angle 'e; $MN \parallel PO$] \checkmark S/R 3. $PN = PN$ [Gemeenskaplik/Gemeen] \checkmark S/R $\therefore \triangle PMN \cong \triangle NOP$ [$\angle \angle S$] \checkmark S/R $\therefore PM = NO$ \checkmark S/R	Bewering en rede: 1 Punt Bewering en rede: 1 Punt Bewering en rede: 1 Punt Bewering en rede: 1 Punt Bewering en rede: 1 Punt	(5)
6.2.1	In $\triangle DBE$ and $\triangle FCE$: 1. $\angle E_1 = \angle E_3$ [Regoorstaande \angle 'e] \checkmark S/R 2. $\angle D_1 = \angle F$ [Verwisselende \angle 'e; $AB \parallel CF$] \checkmark S/R 3. $\angle B = \angle C_2$ [Verwisselende \angle 'e; $AB \parallel CF$] \checkmark S/R $\therefore \triangle DBE \cong \triangle FCE$ [$\angle \angle \angle$] \checkmark S/R Let: Die leerder mag enige 2 pare hoeke wat gelyk is in sy/haar bewys gebruik en dan slegs meld dat die laaste paar ooreenstemmende hoeke gelyk is omdat die drie hoeke van 'n driehoek gelyk is aan 180° .	Bewering en rede: 1 Punt Bewering en rede: 1 Punt Bewering en rede: 1 Punt Bewering en rede: 1 Punt	(4)
6.2.2	$\frac{DB}{FC} = \frac{BE}{CE}$ [$\triangle DBE \cong \triangle FCE$] \checkmark S/R $\frac{DB}{5} = \frac{8}{10}$ \checkmark SF $DB = 4\text{cm}$ \checkmark CA	Bewering en rede: 1 Punt Substitusie: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(3)
			[12]

VRAAG 7 [13]

Vraag	Oplossing	Punttoekenning	Totaal
7.1.1	Totale volume van geslote pyp $= 2\pi r^2 + 2\pi \times h$ \checkmark SF $= 2\pi(18)^2 + 2\pi(18) \times 120$ $= 15607,4323\text{cm}^2$ \checkmark CA Totale Buite-oppervlakte van die sirkelvormige eindpunte $= 2\pi r^2$ $= 2\pi(15)^2$ $= 1413,716694\text{cm}^2$ \checkmark A Totale Buite-oppervlakte van pyp oop aan beide kante $= 15607,4323\text{cm}^2 - 1413,716694\text{cm}^2$ $= 14193,72\text{cm}^2$ \checkmark CA	Substitusie: 1 Punt $25000,79434\text{cm}^2$: 1 Punt $2513,274123\text{cm}^2$: 1 Punt Antwoord: 1 Punt	(4)

Vraag	Oplossing	Punttoekenning	Totaal
7.1.2	<p>Totale Volume van geslote pyp</p> $= \pi r^2 \times h$ $= \pi (18)^2 \times 120 \quad \checkmark \text{SF}$ $= 122145,1224 \text{cm}^3 \quad \checkmark \text{CA}$ <p>Totale Volume van silindervormige gat = $\pi r^2 \times h$</p> $= \pi (15)^2 \times 120$ $= 84823,00165 \text{cm}^3 \quad \checkmark \text{A}$ <p>Totale Volume van pyp (oop aan beide kante)</p> $= 122145,1224 \text{cm}^3 - 84823,00165 \text{cm}^3$ $= 37322,12 \text{cm}^3 \quad \checkmark \text{CA}$	<p>Substitusie: 1 Punt</p> <p>122145,1224 cm^3 : 1 Punt</p> <p>84823,00165 cm^3 : 1 Punt</p> <p>Antwoord: 1 Punt</p>	(4)
7.2	<p>$FC = \sqrt{5^2 - 4^2}$ [Stelling van Pythagoras]</p> <p>$FC = 3 \text{cm} \quad \checkmark \text{A}$</p> <p>Area of $\Delta ABC = \frac{1}{2} \times 6 \text{cm} \times 4 \text{cm}$</p> $= 12 \text{cm}^2 \quad \checkmark \text{CA}$ <p>Oppervlakte van vierkant ACDE = $6 \text{cm} \times 6 \text{cm}$</p> $= 36 \text{cm}^2 \quad \checkmark \text{CA}$ <p>Oppervlakte van Sirkel = $\pi \times (3 \text{cm})^2$</p> $= 28,27433388 \text{cm}^2 \quad \checkmark \text{CA}$ <p>Oppervlakte van AL die geskakeerde dele</p> $= 12 \text{cm}^2 + (36 \text{cm}^2 - 28,27433388 \text{cm}^2)$ $= 19,73 \text{cm}^2 \quad \checkmark \text{CA}$	<p>$FC = 3 \text{cm}$: 1 Punt</p> <p>12cm^2 : 1 Punt</p> <p>36cm^2 : 1 Punt</p> <p>$28,27433388 \text{cm}^2$: 1 Punt</p> <p>Antwoord: 1 Punt</p>	(5)
			[13]

VRAAG 8 [10]

Vraag	Oplossing	Punttoekenning	Tot
8.1 en 8.2 en 8.3		<p><u>8.1</u> $A'(-1;2)$: 1 Punt $B'(-0,5;2)$: 1 Punt $C'(-1;0,5)$: 1 Punt</p>	(3)
		<p><u>8.2</u> $A''(4;-2)$: 1 Punt $B''(4;-1)$: 1 Punt $C''(1;-2)$: 1 Punt</p>	(3)
		<p><u>8.3</u> $P(-3;0)$: 1 Punt $Q(-2;0)$: 1 Punt $R(-3;-1)$: 1 Punt $S(-4;-1)$: 1 Punt</p>	(4)
			[10]

QUESTION 9 [13]			
Vraag	Oplossing	Punttoekening	Total
9.1.1	$a = 19 \checkmark$ $b = 90 \checkmark \mathbf{A}$ $c = 61$	Waarde van a: 1 Punt Waarde van b en c: 1 Punt	(2)
9.1.2 a)	$P(\text{Dogter}) = \frac{150}{250} / \frac{3}{5} \checkmark \mathbf{A}$	Teller: 1 Punt Noemer: 1 Punt	(2)
9.1.2 b)	$P(\text{'n Seun wat 'n selfoon besit}) = \frac{76}{250} / \frac{38}{125} \checkmark \mathbf{A}$	Teller: 1 Punt Noemer: 1 Punt	(2)
9.1.2 c)	$P(\text{'n Leerder wat nie 'n selfoon besit nie}) = \frac{61}{250} \checkmark \mathbf{A}$	Teller: 1 Punt Noemer: 1 Punt	(2)
9.2.1	Die gemiddelde neig om opwaarts te skuif indien daar uiterste waardes voorkom. $\checkmark \mathbf{S}$ In hierdie geval is daar 'n paar hoër salarisse, dus word die gemiddelde opgeskuif. $\checkmark \mathbf{R}$ Die mediaan wys dat, die helfte van die salarisse onder R5 225 sal wees. $\checkmark \mathbf{R}$	Bewering: 1 Punt Rede: 1 Punt Rede: 1 Punt Aanvaar enige ander logiese verduideliking.	(3)
9.2.2	$\checkmark \mathbf{A}$ Die mediaan is gewoonlik 'n beter aanduiding van die werklike situasie as die data nie egalig versprei is nie. $\checkmark \mathbf{R}$	Die mediaan: 1 Punt Rede: 1 Punt Aanvaar enige ander logiese verduideliking.	(2)
			[13]
		TOTAAL:	140